


Paulus, waar is Timoteus dan?

Charlou Jordaan 9/09/2012



1. INLEIDEND

Definisie van 'n dissipiel



2. Wat is God se opdrag oor dissipels maak?

Lukas 6: 46-49 (Jesus praat)

46 “Watter sin het dit dat julle My aanspreek met ‘Here, Here!’ en nie doen wat Ek sê nie?

47 **Elkeen wat na My toe kom en na My woorde luister en doen wat Ek sê** – Ek sal vir julle verduidelik soos wie hy is:

48 Hy is soos ‘n man wat by die bou van sy huis die grond diep uitgegrawe en die fondament op die rotsbodem gelê het. Toe daar ‘n oorstroming kom en die vloedwater die huis tref, kon dit hom nie beweeg nie, want die huis was goed gebou.


49 **Maar as iemand luister en nie doen wat Ek sê nie,** is hy soos ‘n man wat sy huis bo-op die grond gebou het sonder ‘n fondament. Toe die vloedwater dit tref, het dit dadelik ingestort, en daardie huis het een groot puinhoop geword.”

Matt 28: 19,20

- 19) Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en**
- 20) Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.**
- 

Fil 3: 17

**Wees my navolgers broers, en let op die mense
wat lewe volgens die voorbeeld wat ons vir julle
Stel.**



3. Waarom kom stel Jesus so gerus?

Mat 28: 20(b)

“En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld”

**3.1. Leer meestal moeiliker as gaan.
vereis groot toewyding (groot commitment)**

3.2 Omvang van opdrag.

3.3 Lewenslange verbintenis

3.4 Jy is nie in 'n klaskamersituasie nie.

2Tim 4: 16

Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin,
want deur dit te **doen**, sal jy jouself red sowel as dié
wat na jou **luister**.






1 Kor 4: 15-17

...


17)Om hierdie rede het ek Timoteus, my geliefde en getroue seun in die Here, na julle toe gestuur. Hy sal julle herinner aan my lewe en leer in Christus Jesus, waarin ek ook oral in elke gemeente onderrig gee.



3.5 Dit gaan jou jou lewe kos.

Mark 8: 34(b), 35


“As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, 35) want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou”



3.6. Jesus ken ons vrese.

Mat 4: 19

Hy sê toe vir hulle: “Kom hier! Kom saam met My, en **Ek sal julle vissers van mense maak.”**



Jes 41: 8-9

- 8) Maar jy, my dienaar, vir wie Ek uitverkies het, afstammeling van Abraham (gelowige) vir wie Ek liefhet,**
 - 9) Jy, vir wie Ek van die uiteindes van die aarde af gegryp het, van sy uithoeke af geroep het, vir jou het Ek gesê: Jy is my dienaar , ek het jou uitverkies, Ek het jou nie verwerp nie.**
- 

